Oktober Nuusbrief

Liewe vriende

In Februarie het Wolf-hulle in die noordwestelike streek ‘n nuwe kerkplantingspan, bestaande uit pastoor Lalaina as leier en vier opgeleide kerkplanters, gevestig om nuwe kerkies in dorpies in verafgeleë dele in die verre noorde te gaan plant.

Op die foto is een van 30 kerkies wat die kerkplanter, Bruno, in daardie area aan die gang gekry het. Omtrent al die beskikbare Bybels is opgeraap deur lidmate in dié dorpie. Wolf- hulle moes toe in der haas probeer om meer Bybels in die hande kry vir die ander kerkies.



Dieselfde gebeur ook by al die ander kerkplanters. Die vraag na Bybels is groot. Wolf sê dit help nie dat gemeentes geplant word maar die lidmate kan nie Bybels in die hande kry nie.

Behalwe vir die Bybels, is daar ook nood aan gesangboeke. Nuwe lidmate ken nie die liedere nie.

Tydens die onlangse werksbesoek was die Here hulle baie genadig om 768 Bybels te kon koop en versprei. Daar is geen Bybels in die afgeleë dele van die land beskikbaar nie.

‘n Week vroeër het Wolf ook 4 dose vir die Morondava-span in die verre weste gegee. En net gister daag die een spanlid in Antananarivo op en sê daar is nog lidmate wat Bybels soek.

Wolf-hulle het nou stappe geneem om weer Bybels in Belarus in die ou USSR, te laat druk. As dinge reg verloop behoort hulle DV 'n groot besending Bybels van daar af te kry.

Wolf sê hulle sal ons gebede en fondse vir Bybels baie waardeer. Hy sê ook baie dankie aan elkeen wat sover meegehelp het om die werk en ook die aanskaffing van Bybels hier op dreef te hou en te laat groei.

Op 13 September was Wolf weer veilig tuis na sy werksbesoek. Hy was baie dankbaar dat dit goed gegaan het te midde van die uitdagings. Daar was ook 'n versoek om in 'n nuwe gebied te begin werk waar daar 'n heidense kerklose stam woon.

Op 18 September het ds. Martin Goosen die goeie nuus gebring dat die Wes-Kaapse Sinode R60 000 geskenk het vir Bybels in Madagaskar. Wolf was oorstelp van vreugde en het die Here geloof vir Sy getrouheid. Toe Wolf in Madagaskar was, moes hy vir sekere mense wat Bybels gevra het, sê dat hy dit nie kan doen nie omdat hy nie meer geld beskikbaar gehad het nie. Met die nuwe fondse sal hy egter nou aan hulle versoeke kan voldoen.

Aan God al die eer!

Groot onrus en grootskaalse plundering van besighede en winkels in Madagaskar het in September begin en is nog steeds aan die gang. Die mense is baie ongelukkig oor die langdurige tekorte aan krag en water in Madagaskar.

Dit was oorspronklik net in die hoofstad, Antananarivo, maar het nou na verskeie ander stede uitgebrei. Die president poog om die bevolking te verseker hulle is veilig maar baie van die mense glo hom nie. Daar is ook mense dood in die onluste.

Kom ons bid dat gemoedere sal bedaar en dat die probleme wat wel daar is spoedig opgelos sal word.

Saam in Sy diens,

Gideon Roos, namens Wolf Cilliers.